**Wie in My glo, sal nog groter dinge as dit doen (OP237)**

**Joh 14:4-14**

**2 November 2025**

Ons is tans besig om die gesprek tussen die Here Jesus en Sy dissipels in die bovertrek op die aand voor Sy kruisiging te bestudeer. Ons het reeds gesien dat die Here Jesus Sy dissipels se voete gewas het, Hy het reeds Judas as Sy verraaier aangewys, Hy het reeds aangedui dat Petrus Hom gaan verloën, en ook dat Hy binnekort weggaan. Laasweek het ons in besonder stilgestaan by die oproep van die Here Jesus dat die dissipels nie ontsteld moet wees nie, maar eerder in geloof op Hom en die Vader moet vertrou. Hy het hulle verseker dat Sy weggaan gebeur met 'n spesifieke doel: Hy gaan om vir hulle plek voor te berei in Sy Vader se huis, daarna gaan Hy terugkom om hulle te kom haal sodat hulle dan ook by Hom kan wees. Ons het geleer dat Sy Vader se huis nie soseer 'n plek is nie, maar wel eerder Sy gelowige volgelinge wat voorberei moet word sodat hulle waardige stene kan wees in daardie ewige gebou wat in die hemel besig is om gebou te word, en wat met Sy wederkoms uit die hemel sal neerdaal as die Nuwe Jerusalem, en dat God dan by hulle op die nuwe aarde onder die nuwe hemel sal kom woon.

Vandag wil ek stilstaan by Joh 14:4-14. Ek wil die gedeelte oordink aan die hand van drie uitsprake van die Here Jesus: (1) Ek is die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6), (2) Ek is in die Vader en die Vader is in My (Joh 14:10, 11), en (3) Wie in My glo, sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen (Joh 14:12).

<u>Ek is die weg en die waarheid en die lewe (Joh 14:6)</u>

Lees Joh 14:4. Nadat die Here Jesus in verse 2-3 aan die dissipels verduidelik het dat Hy op pad is om na Sy Vader se huis te gaan om daar vir hulle plek voor te berei, sê Hy vir hulle in vers 4 dat hulle die weg ken na die plek waarheen hy gaan. Immers het Hy mos nou aan hulle verduidelik dat Hy na Sy Vader se huis gaan.

Lees Joh 14:5. Thomas stem egter nie saam nie. Ek moet glimlag as ek lees hoe Don Carson in sy kommentaar oor Johannes sê Thomas was 'n baie brawe dissipel wat begaafd was met twyfel en misverstand. Ek kan nogal met Thomas assosieer. Sy beswaar is besonder logies: As hulle nie weet waarheen die Here Jesus gaan nie, hoe kan hulle die weg soontoe ken? Ja, die Here Jesus het sopas vir hulle verduidelik dat Hy na Sy Vader se huis gaan, maar duidelik het Thomas nie mooi verstaan wat die Here Jesus daarmee bedoel het nie. Hy dink nog aan 'n letterlike plek, en siende dat die Here Jesus se vroeëre aanduiding van die plek nie duidelik uitgespel het waar daardie plek is nie, is Thomas se argument dit is nou ook onredelik om die stelling te maak dat hulle die weg soontoe ken. Goeie ou Thomas. Hy help ons nogal baie deur hierdie "rasionele" vrae te vra – ten minste hoef ons hulle nou nie te vra nie. Maar as ons eerlik is, moet ons sê: "Goeie vraag, Thomas!" Immers, het ons 'n hele preek spandeer om die Here Jesus se antwoord behoorlik te verstaan. En ons moes na gedeeltes soos Op 21 en 2 Kor 5 gaan om dit werklik te verstaan – Thomas het nie die geleentheid gehad om dit te kon gaan lees nie, want dit was nog nie geopenbaar daardie aand in die bovertrek nie.

Die Here Jesus is baie geduldig met Thomas. Sy antwoord aan hom is daardie bekende woorde wat ons dikwels aanhaal: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." Hierdie hele stelling is die antwoord op Thomas se vraag. Thomas wil weet hoe hy die weg moet ken as hy nie eens mooi verstaan waarheen die Here Jesus gaan nie. Die Here Jesus se antwoord is dat Sy bestemming Sy Vader is, en dat Hyself die weg soontoe is. Dit is tog wat

die tweede helfte van Sy antwoord, “Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”, duidelik maak. Die Here Jesus se bestemming is Sy Vader, en die enigste manier om by die Vader uit te kom, is deur Hom. Hyself is dus die weg na die Vader, en siende dat die dissipels Hom tog ken, daarom kon die Here Jesus in vers 4 sê dat hulle die weg ken na waar Hy heengaan. Hulle ken Hom, Hy is die enigste manier om by die Vader uit te kom. Siende dat Hy nou juis na Sy Vader toegaan, en siende dat hulle Hom ken, daarom ken hulle by implikasie ook die weg na die Vader, en dus die weg na waar die Here Jesus heengaan.

Kom ons besin nou ‘n bietjie verder oor wat die Here Jesus bedoel met die eerste deel van Sy antwoord: “Ek is die weg, die waarheid en die lewe”:

- <u>Lewe:</u> Die Here Jesus is die lewe. Teen hierdie tyd weet ons dat die Here Jesus die Een is deur wie God alles geskep het – ook al die vorms van fisiese lewe. Hy is dus die bron van fisiese lewe. Joh 1:4 het ons ook al geleer leer dat daar in die Here Jesus lewe is, wat ook die lig was vir die mense. In Joh 5:26 het ons geleer dat die lewe wat daar in die Here Jesus is, van die Vader afkom. In Joh 11:25 het ons met Lasarus se opwekking uit die dood, geleer dat die Here Jesus die opstanding en die lewe is. Wat beteken dit? Die vers verduidelik dit self: Wie in Jesus glo, sal leef al het hy ook gesterf. Trouens, sê vers 26, hy sal tot in ewigheid nooit sterf nie. Ten diepste beteken dit dus dat daar deur geloof in die Here Jesus, ewige lewe beskikbaar is.
- <u>Waarheid:</u> Die Here Jesus is ook die waarheid. Dit beteken Hy is nie vals nie – alles wat Hy doen is eg. Hy bedrieg nooit iemand nie. Wat jy sien wat Hy doen, wat jy hoor wat Hy leer, is betroubaar, dit demonstreer wie en hoe Hy is – daar is perfekte harmonie tussen Sy optrede en lering en Sy Wese.
    - Maar Hy is nie net betroubaar of net waarheid in die algemeen nie, nee, Hy is dié waarheid. Watter waarheid moet ons in gedagte hê? Met die vermeerdering van die brood het die Here Jesus gedemonstreer dat Hy die brood van die lewe is – nie net fisiese lewe nie, maar ook geestelike lewe. Met die opwekking van Lasarus uit die dood, het Hy gedemonstreer dat Hy die opstanding en die lewe is – nie net fisiese opstanding nie, maar ook geestelike opstanding en lewe. Ja, die Here Jesus is betroubaar in alles wat Hy gesê en gedoen het, maar dit is in besonder daardie waarheid dat Hy die bron van ewige lewe is, wat ons moet raaksien. Immer is Hy die lewe, en Hy is ook die waarheid dat Hy juis die lewe is.
    - Daar is egter nog ‘n kosbare aspek van die feit dat die Here Jesus die waarheid is, wat ons nie moet miskyk nie. In Joh 1:18 lees ons dat niemand nog ooit God gesien het nie – wat natuurlik waar is. Dink maar net aan Moses wat graag God wou sien, en maar hy het hoogstens net iets van die heerlikheid van God van agter gesien. Maar, sê Joh 1:18, die Here Jesus, wat self God is en wat teen die bors van die Vader is, dus die Een wat die naaste aan die Vader is, juis Hy maak God aan ons bekend. Hoe doen Hy dit? Lees Joh 5:19. Die Here Jesus doen niks uit Sy eie nie, Hy doen presies wat die Vader doen. Daar is niks wat die Here Jesus doen wat nie ook is wat die Vader doen nie. Dit is ook waar van Jesus se woorde – kyk na Joh 14:10. Jesus se woorde is die Vader se woorde. Sien jy die punt? Jesus is die Een deur wie die Vader bekend gemaak word. Jesus kan dit doen omdat Hy die waarheid is, en gevolglik presies doen en sê wat ookal die Vader doen of sê. Deur Hom ontwikkel ons ‘n ware begrip van die Vader, al is dit sekerlik gebrekkig.
- <u>Weg:</u> Die Here Jesus is ook die weg. Onthou wat ons gesê het wat die betekenis is van die Vaderhuis waarheen die Here Jesus gegaan het om plek voor te berei: Dit is tog die ewige lewe as deel van die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde waar God by ons sal wees. Hoe kom

ek uit by hierdie ewige lewe? Deur geloof in die Here Jesus – onthou Hy is die lewe! Maar Hy is ook die waarheid – daarom as ek in Hom glo, kry ek werklik die ewige lewe. Hy maak ook die Vader aan my bekend – soveel so dat ek saam met die Vader op die nuwe aarde sal woon, en Hom kan sien soos wat Hy werklik is! Hoe kom ek daar? Deur geloof in die Here Jesus – dus is Hy die Weg soontoe!

Onthou ook Heb 10:19 ev wat leer dat die Here Jesus die nuwe lewende weg is wat Hy vir ons deur die voorhangsel heen gebaan het. Onthou die elemente van daardie weg deur die tabernakel heen met Jesus as die inhoud van elke stuk meublement soos wat jy deur die tabernakel van die voorhof na die Allerheiligste beweeg:

- Brandofferaltaar – Die Here Jesus is die Lam wat geslag is
- Waskom – Dis in Sy bloed wat ek skoon gewas word
- Lampstaander – Die Here Jesus is die Lig
- Tafel met die toonbrode – Die Here Jesus is die brood van die lewe
- Wierookaltaar – Die Here Jesus se voorspraak styg saam met ons gebede voor God op
- Verbondsark – Die Here Jesus is die verbondsark, dis Sy bloed wat op die versoendeksel en voor die ark gesprinkel is

Die Here Jesus is voorwaar die weg en die waarheid en die lewe.

<u>Ek is in die Vader en die Vader is in My (Joh 14:10, 11)</u>

Lees Joh 14:7. In vers 7 maak die Here Jesus die stelling dat as die dissipels Hom ken, sal hulle ook die Vader ken. Dit blyk egter ook dat al het die dissipels tot nou toe al iets van die Vader gesien, van nou af gaan hulle die Vader werklik leer ken en sien. Wat bedoel die Here Jesus daarmee? Wel, Hy het nou vir hulle verduidelik dat Hy die weg is na die Vader toe, en dat as hulle Hom ken, sal hulle dus die Vader ook ken – immers doen en sê die Here Jesus net wat die Vader wil. Ja, tot op hede kon hulle na die skepping kyk, en al God se grootheid daarin bewonder. Ja, hulle kon selfs die Here Jesus se wonderwerke sien, en daaroor verstom staan. Maar hulle is nou op die punt om iets te sien wat hulle nog nooit vantevore gesien het nie en daardeur sal hulle God leer ken soos wat hulle Hom nog nooit tevore geken het nie. Daardie aand in die bovertrek het die dissipels op die drumpel gestaan om God aan die werk te sien soos nog nooit te vore nie – en hulle gaan dit sien deur dit wat met die Here Jesus gaan gebeur: Hulle gaan sien en leer God is die verlossende God, God is die genadige God, God is die sondaar-liefhebbende God, God is ook die regverdige God, God is ook die toornige God!! Hulle gaan dit fisies sigbaar voor hulle oë sien afspeel! Dis Jesus wat dit gaan bekend maak deurdat Hy gaan doen presies wat die Vader wil dat Hy moet doen!

Lees Joh 14:8. Ai, die geduld wat die Here Jesus nie met Sy dissipels moes hê nie! Sopas het Hy die sluier so 'n bietjie gelig oor die groot dinge wat hulle gaan sien – maar wat is Filippus se reaksie? Hy is van mening hierdie proses waar die Vader Hom aan hulle gaan bekend deur wat met die Here Jesus gaan gebeur, is heeltemal te omslagtig. Sy voorstel is 'n baie eenvoudiger weg: Die Here Jesus moet dit alles uitskakel, en net direk aan hulle die Vader wys – dit sal vir hulle genoeg wees. Maar, Filippus, onthou tog: Nie eens Moses kon die Vader sien en bly lewe nie! Ook nie Jesaja nie! Het jy vergeet wie jy is? Jy is maar net 'n sondaarmens wat God se oordeel verdien – en dus nie in Sy teenwoordigheid kan kom nie! Het jy vergeet jy het 'n tussenganger nodig?

Lees Joh 14:9-10. Duidelik was die Here Jesus hartseer oor Filippus se gebrek aan begrip. En daarom verduidelik Hy weer dat Hy hier is om die Vader bekend te maak. Hy verduidelik opnuut Hy is in die Vader, en die Vader is in Hom – Hulle is as't ware een. Ons het dit in vroeëre preke al oordink: Hy en

die Vader is verskillende Persone met verskillende rolle, maar hulle is Een Wese. Die Vader en die Seun is Een. Hulle het een doel waarheen Hulle besig is om te werk. Daarom praat die Here Jesus nie maar net uit Sy eie nie – nee, dit is die resultaat van die Vader wat in die Here Jesus bly, en wat deur die Here Jesus doen wat die Vader gedoen wil hê. Deurdat die Here Jesus doen en sê wat die Vader wil, leer die dissipels die Vader ken soos wat hulle die Here Jesus leer ken.

Lees Joh 14:11. Die slotsom van die Here Jesus se argument met Filippus is dat hy in Hom moet glo, omdat Hy in die Vader is en die Vader in Hom. Dit is wat Filippus moet glo. Maar hoe kan Filippus seker wees dat dit waar is as hy nog nie eens die Vader gesien het nie? Wel, dis waar die werke van die Here Jesus inpas: Filippus, en die dissipels, en ons, moet kyk na die werke van die Here Jesus. Dit is dade wat sigbaar is – immers wil Filippus mos juis die Vader sien. Wel, siende dat die Vader in die Here Jesus, en die Here Jesus in die Vader is, siende dat die Here Jesus net doen wat die Vader wil hê Hy moet doen – kan Filippus, en ons, net kyk na wat die Here Jesus doen – dan leer ons die Here Jesus ken, en ook terselfdertyd leer ons om die Vader te ken. Immers is die Here Jesus die waarheid.

En asof alles wat die Here Jesus tot op daardie punt in die geskiedenis gedoen het nie al verstommend genoeg is nie, gaan die Vader van die volgende dag af, dinge deur die Seun doen wat tot gevolg sal hê dat die dissipels, en ons, die Drie-Enige God sal leer ken soos nog nooit tevore nie.

<u>Wie in My glo, sal ook die werke doen wat Ek doen, en hy sal nog groter dinge as dit doen (Joh 14:12)</u>

Lees Joh 14:12. Weereens begin die Here Jesus met die woorde: “Amen, amen, Ek sê vir julle”. Weereens moet ons verstaan dat die Here Jesus onderstreep dat wat hierop volg belangrik is, en ook dat dit definitief vas en seker is – ons moet nie hieraan twyfel nie. Die inhoud van die res van vers 12 is eenvoudig verstommend. Die res van die vers bevat weereens ‘n belofte waarvan die vervulling absoluut vas en seker is.

Daar is 4 aspekte van hierdie belofte wat ons moet raaksien om die inhoud werklik te kan waardeer:

1. <u>Die belofte is beperk tot Christen gelowiges:</u> Die eerste ding wat ons moet raaksien, is die belofte wat hier gegee word, is slegs vir die wat in die Here Jesus glo. Dit geld nie vir die wêreld nie. Net vir ware Christen gelowiges. Nie vir gelowiges in enige ander god of gode nie. Net vir die wat in die Here Jesus glo.
2. <u>Christen gelowiges sal ook doen wat die Here Jesus doen:</u> Dit verduidelik hoekom die belofte beperk is tot die wat in die Here Jesus glo: die inhoud van die belofte is juis dat gelowiges gaan doen wat die Here Jesus doen, dan maak dit tog net sin dat die belofte beperk is tot die wat in die Here Jesus glo. Dit sou tog absurd wees as iemand wou redeneer hy glo in byvoorbeeld die Hindoe-gode, en daarom sal hy doen wat die Here Jesus doen. Die vraag is natuurlik wat is dit wat die Here Jesus doen, wat die gelowiges ook sal doen? Ons kan dit soos volg antwoord:
    - Die Here Jesus doen wat die Vader doen. Vers 10 het dit tog baie duidelik gemaak dat die Vader Sy werke doen deur die Here Jesus. Dus, sal die wat in die Here Jesus glo, doen wat Hy doen, en omdat Hy doen wat die Vader doen, sal hierdie gelowiges dus ook doen wat die Vader doen.
    - Maar wat is hierdie werke wat hulle sal doen? Wel, dit moet tog sekerlik die volgende insluit:
        - Joh 13:14-15 – Die Here Jesus het Sy dissipels se voete gewas, en daarna het Hy hulle beveel dat hulle dieselfde moet doen deur ook mekaar se voete te was.

        - Joh 13:34-35 – Die Here Jesus het hulle ‘n nuwe gebod van liefde gegee. Natuurlik is die gebod van liefde nie nuut nie, maar wat wel nuut is, is die standaard van die liefde wat die dissipels moet vertoon: Soos Hy hulle liefhet, so moet hulle ook mekaar liefhê.
        - Joh 14:10 – Die Here Jesus spreek die Woorde van die Vader, en ons kan dus aflei dat Hy ook wil hê dat Sy dissipels ook Sy woorde, wat dus ook die Vader se woorde is, sal spreek en verkondig.
        - Maar wat van die Here Jesus se wonderwerke? Is dit ingesluit? Sal die gelowiges ook die wonderwerke doen wat Hy gedoen het? Ek glo so – ten minste in ‘n sekere sin. Lees Hand 5:12 en 15-16. Hier is dit tog duidelik dat daar baie wondertekens plaasgevind het deur die apostels. Ek kom later terug hierna.
3. <u>Christen gelowiges gaan selfs groter werke doen as die Here Jesus:</u> Hierdie is werklik verstommend – gelowiges gaan groter werke as die Here Jesus doen! Wat kan dit beteken?
    - Beteken groter dat hulle meer dinge gaan doen as wat die Here Jesus gedoen het? Immers het daar al eeue verloop sedert die Here Jesus hier op aarde was. Moet ons hiermee verstaan dat daar deur die loop van die eeue gesamentlik so baie gelowiges sal wees dat hulle werke baie “groter”, oftewel baie meer, sal wees as die Here Jesus s’n?
    - Of beteken dit dat hulle werke meer indrukwekkend, en dus groter, sal wees as die Here Jesus se werke? Dink oor die volgende: Wat kan meer indrukwekkend wees as water uit wyn? Wat kan meer indrukwekkend wees as vermeerdering van ‘n karige hoeveelheid brood om duisende kos te gee? Of, wat kan meer indrukwekkend wees as om Lasarus uit die dood terug te bring? Gaan gelowiges nog meer indrukwekkende dinge as dit doen? Ek is oortuig dit is laasgenoemde wat die Here Jesus in gedagte gehad het. Ek kom netnou hierna terug.
4. <u>Omdat Ek na die Vader toe gaan:</u> Ons moet raaksien dat die Here Jesus ‘n rede gegee hoekom die gelowiges groter dinge gaan doen as Hyself. Die rede is: Omdat die Here Jesus na die Vader gaan. Omdat Hy na die Vader gaan, daarom sal die gelowiges nog groter dinge doen as Hy. Wat kan dit beteken?

Daar is twee tekste wat ons in gedagte moet hou om hierdie belofte van die Here Jesus behoorlik te verstaan:

> <u>Joh 5:20-22:</u> Lees die verse. Hier lees ons weereens van die noue verwantskap tussen die Vader en die Seun. Maar in die toekoms gaan die Vader aan die Seun nog groter dinge wys, en dit gaan die dissipels verwonderd laat staan! Wat is hierdie groter dinge wat die Vader op daardie stadium nog aan die Seun sou wys, en wat Sy dissipels verwonderd sal laat staan? Daar is twee: Eerstens, soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so gaan die Seun dit ook doen. Tweedens, gaan die Vader die Seun aanstel om as regter te oordeel. Die “groter dinge” wat die Vader nog aan die Seun gaan wys, is dus mense wat lewend gemaak gaan word. Ja, dit is so, die Here Jesus sou later vir Lasarus uit die dood opwek, maar ons weet tog daar was ‘n baie groter doel hiermee – dit het heengewys na die Here Jesus wat ook later ooreenkomstig die wil van Sy Vader sou optree om juis geestelike lewe moontlik te maak, oftewel ewige lewe vir die wat glo. En dit loop natuurlik hand aan hand met die feit dat die Here Jesus gaan oordeel – Hy gaan juis oordeel dat alleen diegene wat in Hom glo die ewige lewe sal ontvang, terwyl al die ander mense die ewige dood sal ontvang. Natuurlik is dit groter, oftewel meer indrukwekkend, as om Lasarus net uit die fisiese dood op te wek – dit is ‘n geestelike opwekking wat die Vader deur die Seun gaan bewerk. Wanneer het die

Vader aan die Seun hierdie groter dinge gewys? Tog sekerlik met Sy sterwe en opstanding en hemelvaart toe Hy op die troon gaan sit het aan die regterhand van Sy Vader, oftewel soos Joh 14:12 sê, omdat Hy na die Vader gegaan het.

Joh 14:20: Lees dit. Daardie noue verbintenis van die Vader wat in die Seun, en die Seun wat in die Vader is, word uitgebrei deurdat die wat glo ook in die Here Jesus is. Die Here Jesus is in die gelowige, en die gelowige is in die Here Jesus.

So, hoe moet ons nou die groter dinge in Joh 14:12 verstaan? Wel, die groter dinge wat die Vader aan die Here Jesus gaan wys, is die geestelike lewendmaking van mense, asook die oordeel tussen die wat glo en nie glo nie. Siende dat die gelowiges in die Here Jesus is en die Here Jesus in hulle, en siende dat hulle gaan doen wat Jesus doen, en ook nog groter dinge as dit, daarom moet hierdie groter dinge tog sekerlik wees dat hulle saam met die Here Jesus gaan werk om mense geestelik lewend te maak en te oordeel! Let mooi op, dis nie die gelowiges wat dit op hulle eie doen nie – nee, hulle is in die Here Jesus, en Hy in hulle. Die Vader gee aan Here Jesus die werk om die groot ding te doen om geestelike lewe te skep en te oordeel. Die Here Jesus bewerk dit deur Sy werk voordat Hy na die Vader gegaan het. Nadat Hy na die Vader gegaan het, gaan Hy voort met hierdie groot werk deur die wat in Hom glo. Hulle verkondig die Here Jesus se woorde, en Hy skep die geestelike lewe in die mense aan wie hulle Sy woorde verkondig, of Hy bring die oordeel.

Hoekom is hierdie dinge groter as wat Jesus gedoen het tydens Sy lewe hier op aarde? Selfs groter as Sy wonderwerke?

- Dink aan die vermeerdering van die brood. Uiteraard is dit 'n groot werk van die Here Jesus. Maar wat vereis blote fisiese vermeerdering van brood? Net dat die Here Jesus almagtig en soewerein is en kos kan gee aan duisende met minimale roumateriaal. Maar, die Vader wou deur die fisiese vermeerdering groter dinge kommunikeer: Die Here Jesus is die ware brood, die brood van die lewe. As jy Hom eet, word jy nooit weer honger nie. Sy wonderwerk met die fisiese brood het heengewys na die ware brood. Wat die gelowige saam met die Here Jesus mag doen nadat die Here Jesus na die Vader gegaan het, is om die ware brood na die mensdom te vat – wat nie maar net fisies voed nie, maar die ewige lewe werk! Dis tog baie groter as die fisiese vermeerdering van die brood!
- Of dink aan Lasarus se fisiese opwekking uit die dood. Dit was wonderlik. Maar nie te lank na sy opwekking nie, het Lasarus weer gesterf. Wat die gelowige wat in die Here Jesus is, kan doen, is om die brood van die lewe na mense toe te vat, wat, as hulle dit eet, sal veroorsaak dat hulle sal lewe, ewig sal lewe, selfs al het hulle gesterwe! Dis tog baie groter as om dooies fisies uit die dood te laat opstaan, net om later weer te sterf!

Kan ek jou vra: Sal jy opgewonde wees as die Here God jou sou stuur om in die armste dele van die land op 'n wonderbaarlike manier brood te vermeerder om die fisiese nood te verlig? Sal jy opgewonde wees as die Here God jou sou stuur na die ouers van die kinders wat onskuldig gesterf het in bendegeweld, met die doel om hulle kinders op te wek? Ek glo ons sal dit almal gaan doen as die Here God ons oortuig dit is wat Hy wil. Wel, die Here God stuur jou om groter dinge as dit te doen: Hy stuur jou om die ware brood te gaan uitdeel, wat nie net fisiese nood verlig nie, maar wat werklik lewe kan gee. Hierdie brood het Hy bewerk en dit bewerk ewige lewe, wat selfs die fisiese opwekking uit die dood by verre oortref. Dit is hoe gelowiges groter dinge doen as wat die Here Jesus destyds gedoen het. Maar Hy moes eers die ware brood word en die bron van ware lewe word, deur Sy lyding en verheerliking, voordat gelowiges hierdie groter dinge onder Sy leiding kan doen.

Ek is oortuig hierdie interpretasie verduidelik ook hoekom wonderwerke begin afplat soos wat die Nuwe Testament vorder. Nadat die Here Jesus Sy werk hier verrig het en na die Vader gegaan het, is die rol van wonderwerke uitgedien. Hulle rol was primêr om te wys na die brood van die lewe en die ewige lewe wat op pad was. Maar met die Here Jesus se lyding en verheerliking, is die ware brood en die ewige lewe ‘n werklikheid! Ek is ook oortuig dat godsdienstige groepe wat hulle grotendeels toelê op wonderwerke soos gesondmaking, openbaar ‘n sekere armoede, want sien: God se plan het na die koms van die Here Jesus aanbeweeg. Die fokus van die Here is nou by groter dinge as fisiese wonderwerke. Veel heerliker as om te fokus daarop om fisies gesond gemaak te word van een of ander siekte, net om later aan ‘n ander siekte te sterf, is dit om te fokus om mense tot die ewige lewe te lei – wat hulle sal behou, selfs al sterf hulle.

Lees Joh 14:13-14. Ons kan of mag hierdie taak om die groter dinge te doen, nooit alleen aanpak nie. Ons werk ten nouste saam met die Seun, wat ten nouste saam met die Vader werk. En daarom as ons doel is om te doen wat die Seun wil, en ons weet die Seun wil wat die Vader wil, dan kan ons vra wat ons nodig het, en die Here Jesus onderneem om dit vir ons te gee.

<u>Afsluiting</u>

Soos wat ons vorder in ons bestudering van die bovertrek gesprek, sal ons meer detail leer oor hoe dit hoegenaamd moontlik is dat gelowiges groter dinge gaan doen as die Here Jesus. Maar kan ek jou intussen aanspoor om opnuut weer opgewonde te word oor hierdie dinge wat selfs groter is as wat die Here Jesus tydens Sy lewe hier op aarde gedoen het. En veral ook oor die feit dat ons aktief mag deelneem aan die uitvoer van hierdie dinge – natuurlik alleen maar in die nouste eenheid met en afhanklikheid van met die Here Jesus, en dus die Vader!